UITGAWE 19 | JAARGANG 22 | 22 NOVEMBER 2024

# VRY POS

## KONINKRYKSTYD

LOER | LEES | LUISTER | LEER

*Legitimasie*

NG Kerk
Vrystaat

# INHOUD


## 03 VRYPOS-FOKUS

BEDIENINGSBEGELEIDING
**Teologiese Opleiding** | *"God. He orchestrates my success story."*

## 05 LEGITIMASIE 2024

## 13 ARTIKELS

13 | DIENS VAN BARMHARTIGHEID
*Die Tweetoringkerk in Bloemfontein, 'n Baken van Hoop*

14 | VENNOTE IN GETUIENIS
**Islam Getuienisaksies** | *Sit Konstantyn dalk agter die sogenaamde korrupte evangelie?*

15 | DIENS VAN BARMHARTIGHEID
*Beukeskuil Sorgsentrum, 'n plek van hoop vir hawelose mans*

16 | ALGEMEEN
**Teologiese Opleiding** | *Kerkgeskiedenis: 'n Lewende verhaal vol lesse vir vandag*

17 | ALGEMEEN
**Algemeen** | *KI én KI*

18 | ALGEMEEN
**NG Gemeente Rouxville** | *Genadevolle en geseënde Kersseisoen*

## 19 UIT DIE FAKULTEIT

FAKULTEIT TEOLOGIE EN RELIGIE (UV)
**Nina Müller van Velden** | *Saam met studente, op heilige gronde*

## 20 EKOLOGIE

*Kom ons maak vanjaar eko-vriendelike Kersgeskenke*

## 21 MEDIATEEK

BOEK EN INVENTARIS
***Embrace the Future****, 12 trends on YOUNG ADULTS, THE CHURCH and SPIRITUALITY*

## 22 VERJAARSDAE

## 23 AKTUEEL ALGEMEEN

23 | Missie Japan - *Vrywilligerswerk in die Noto-aardbewinggebied*

24 | *Dra swart vir 16 Dae van Aktivisme teen Geweld teen Vroue en Kinders*

25 | Advertensies

## 26 OPLEIDING

## 27 NUUSBRIEWE PUBLIKASIES BROKKIES UIT KERKBODE

## 28 WAT'S NUUS? KALENDER VAKATURES AFLOSLERAARS

## 29 'N LAASTE GEDAGTE

Kobus Schoeman | *Laat U **koninkryk** kom*

## 30 KONTAK ONS

## FOTO'S

Canva | Unsplash
Flickr | Pexels | Pixton
Tensy anders vermeld

## ARTIKELSKRYWERS

Jan Lubbe | Mariëtte Odendaal
Enrico Casaleggio | Ethan Kleynhans | Laetus Lategan | NG Rouxville | Nina Müller van Velden
Leon M Foot | Kobus Schoeman
*Kerkbode* | *VrydagNuus*, Kaapkerk
*Bybel-Media* | *CLF* | *TOIBO*
*Bybelgenootskap*

---

## KONINKRYKSTYD

'n Tyd waar ons fokus op die heerskappy en vestiging van God se koninkryk hier op aarde.

**Fil 1:27** | *Hoofsaak is dat julle lewenswandel in ooreenstemming met die evangelie van Christus moet wees. As ek dan kom, sal ek self sien, of as ek nie kan kom nie, sal ek deur berigte hoor dat julle in volkome eensgesindheid standvastig saamstry vir die geloof in die evangelie ...*

## DAGBOEK DÍT

**Vroue Toerustingskamp**
*Wees stil en weet, Psalm 46:11*

21 - 23 Februarie 2025
**Amanzi Private Game Reserve**

## VOLGENDE VRYPOS

Die laaste uitgawe van *VRYPOS* vir 2024 verskyn op **Vrydag 6 Desember**.

Kyk gerus na ons **webblad-kalender** vir belangrike datums.

# REDAKTEUR


### BYDRAES EN NAVRAE

cmclean@ngkvs.co.za

## CELICIA MCLEAN


ngkerkvrystaat.co.za





**Foto:** *Legitimasieplegtigheid 2024 (verskaf)*

# "God. **He orchestrates** my success story."

*Deur ds Jan Lubbe*

## Oor 'n onverwagse *soli Deo Gloria*, onbeskryflike vreugde en teologiese opleiding.

"God. He orchestrates my success story." Haar antwoord hét verras. Want die vraag was gewoon: "What has been the most important factor contributing to your learning and development at this institution?" Die vraag is aan 6 000 studente gestel, 'n ewekansige groep uit die nagenoeg 40 000 Kovsies wat op die drie kampusse van die Universiteit van die Vrystaat studeer. Twee jaar ná Covid. Geen aanleiding, dit was net nóg 'n vraag om die leer-ervaring van studente te evalueer.

"Sý" – want dít was ook nie spesifiek aangedui nie, maar die feit is dat die meerderheid studente aan die UV vroue is; dat die slaagsyfer vir vrouestudente oor die algemeen beter is as vir mansstudente; dat vrouestudente in die meeste modules bó aan die klaslys presteer. Ook in teologie, en ook onder ons NG-studente. Waarom? Wat gebeur met mans(studente)? Wat nóg meer verras het, is dat sy nie teologie studeer nie, maar in een van die ander fakulteite – sy is gewoon 'n jong Christen wat hierdie mooi getuienis gee. Waarskynlik swart. Waarskynlik 'n "eerste generasie"-student, haar ouers en familie onbekend met 'n universiteit. En waarskynlik, van die Vrystaatse platteland. Só lyk die profiel van die oorgrote meerderheid studente aan die UV, het dr Eleanor Bernard van die Onderrig- en Leersentrum 'n oorsig van hul navorsing aan die Kuratorium by ons afgelope vergadering kom wys.

**Lees meer »**

VISIONERING

# Vroue Toerustingskamp

**FEBRUARIE 2025**

# WEES stil & weet

*Psalms 46:11*

## Amanzi

***Private Game Reserve***

**21 - 23 Februarie 2025**

## Aanbieder

***Prof Stephan Joubert***

## Besprekings

***Marietjie van der Merwe***

**076 113 9601**

**vrouelidmate@gmail.com**

vb

VROUEBEDIENING

NG Kerk Vrystaat

# *Legitimasie*

NG Kerk
Vrystaat



Vincent van Gogh. ***The Starry Night.*** Saint Rémy, June 1889T.

# DANKBAAR

19 NOVEMBER 2024

NG GEMEENTE **HUGENOOT**

# KURATORIUM
NG Kerk Vrystaat

## Hartlik geluk

aan die leraars, diensleraars en bedienaars met erediensbevoegdheid, hul families en gemeentes.

**Ons bid julle die seënbede van Psalm 134 toe**

"Kom prys die Here, julle wat in die nag in die tempel van die Here staan! Mag die Here jou seën uit Sion. Hy wat hemel en aarde gemaak het."





# IZANNE ELLIS

**COLLOQUIUM DOCTUM**

Izanne Ellis is in 1970 gebore en het in Potchefstroom grootgeword. In 1988 matrikuleer hy aan die Hoër Volkskool Potchefstroom. In 1992 verwerf hy sy BA-Admissiegraad aan die PU vir CHO. In 1996 verwerf hy die BD-graad aan die Universiteit van Stellenbosch. Izanne word in 2002 gelegitimeer. In 2003–2006 is hy 'n voltydse predikant by die NG Gemeente Zeerust-Noord. In 2006 bedank hy vrywillig as predikant van die NG Kerk. Vanaf 2015 tot op hede is Izanne betrokke by die NG Kerk Edenville as 'n ouderling met preekbevoegdheid.

Sy belangstellingsveld is Sistematiese Teologie en Missiologie. Sy passie en voorreg is Woord-verkondiging en die daaglikse gemeentelewe – spesifiek in die plattelandse konteks. Huisbesoek is vir hom 'n verdere liefde. Izanne is gelukkig getroud met Carina en het twee volwasse seuns – Cezanne en Zanne.



# ZAK SCHOLTZ

**COLLOQUIUM DOCTUM**

Zak Scholtz is in Johannesburg gebore en het sy kinderjare op 'n plaas buite Meyerton deurgebring. Hy matrikuleer in 2003 aan Hoërskool Dr Malan. Ná skool het Zak IT-rekenaarprogrammering studeer. Tydens hierdie studie het hy 'n diepe roeping van die Here na teologie beleef. Hy voltooi 'n BA- en BTh-graad aan die Afrikaanse Protestantse Akademie. In 2013 voltooi Zak sy MTh-graad in Teologie (Apologetiek), aan die Noordwes-Universiteit. Tydens die ses jaar in voltydse bediening in Bloemfontein, skryf Zak in vir 'n MBA-graad wat hy D.V. in 2024 aan NWU se Besigheidskool sal voltooi.

Zak se hart lê diep gewortel in die bediening aan mense van alle ouderdomme. Zak se fokus is egter op jong professionele mense – diégene wat onlangs getroud of selfs jong kinders het. Deur ervaring het Zak ondervind dat hierdie groep 'n sentrale rol speel in die bou van 'n lewenskragtige gemeente. Zak is gelukkig getroud en is 'n trotse pa van twee seuns, 5 en 7 jaar oud. Hy woon tans in die pragtige Mosselbaai-omgewing in die Wes-Kaap.



# IZAK BEKKER

**DIENSLERAAR**

Izak Russell Bekker het 'n lewende verhouding met die lewende God. Hy is geroep deur God om vir sy medemens van God te vertel. Dit is 'n voorreg wat hy nooit vanselfsprekend sal aanvaar nie. Dit is vir hom lekker om van God te leer en praat. Hy resoneer maklik met jeug en werk goed saam met mense. Hy het sy studies geniet en sal ander aanraai om teologie te studeer. Hy wil mense help in hulle geestelike vorming in samewerking met sy Heer en Verlosser, Jesus Christus. Izak bely só: "Alle eer aan God en God alleen".



# JOHN O'CONNOR

**DIENSLERAAR**

John preek die afgelope 10 jaar in verskeie NG Kerke in die Oos-Vrystaat en is die afgelope ses jaar betrokke by die gemeente in Clocolan. Hy geniet preek, pastoraat en jeug en is voltyds in die onderwys as skoolhoof.

John leef sy roeping uit in die woorde van Paulus:

*"Vir die Jode het ek soos 'n Jood geword om Jode te wen. Hoewel ek self nie meer onder die wet is nie, het ek my vir dié wat onder die wet staan, onder die wet gestel om hulle te wen. Hoewel ek nie sonder die wet van God is nie, maar onder die wet van Christus, het ek vir dié wat sonder die wet is, geword soos een sonder die wet om hulle te wen. Vir die swakkes het ek swak geword om die swakkes te wen. Vir almal het ek alles geword om in elk geval sommige te red. Dit alles doen ek ter wille van die evangelie, sodat ek aan die vrug daarvan deel kan hê."* - 1 Korintiërs 9:20-23 (AFR83).



# HEIDI Mc LAREN

**BEDIENAAR MET EREDIENSBEVOEGDHEID**

Heidi het 'n liefde vir prediking wat vir haar die hartklop van die gemeente is. Die bediening van gesinne, pastorale terapie en kinder- en jeugbediening lê haar na aan die hart. So ook uitreike na skole en kampe, opleiding en toerusting van kategete en jeugleiers (sy is Direkteur van die Projek: Goeie Nuus vir Kinders) en missionale uitreike tot opbou en versterking van die geloofsgemeenskap. Sy is ook tans gemeentebestuurder (vanaf 2013) en dit is vir haar 'n voorreg om saam met ds Philip Mc Laren, haar eggenoot, as leraars-paar te bedien.



# ANDREAS NIEUWOUDT

**BEDIENAAR MET EREDIENSBEVOEGDHEID**

Andreas se naskoolse opleiding behels 'n N6-Diploma in Kuns (Motheo Kollege) – 1996, Bedienaar in Pastorale Sorg (Hugenote Kollege) – 2023 en Bedienaar in erediens en preekvaardigheid (Hugenote Kollege) – 2024. Andreas se fokus is op pastorale versorging, die jeug, barmhartigheid en omgeegroepe. Hy is getroud en het twee kinders.

THEOLOGY AND RELIGION UFS

NG Kerk Vrystaat

Nederduitse Gereformeerde Kerk – Een Liggaam en een Gees

hugenote kollege



# LULU
# VAN DER BERG

## BEDIENAAR MET EREDIENSBEVOEGDHEID

Lulu is vir die afgelope 26 jaar voltyds by die VCSV (Verenigende Christen Studente Vereniging) betrokke, waar sy veral op die jeug fokus met haar bediening in skole en toerusting aan onderwysers. Sy het jarelange ondervinding met kampe en uitreike (binne- en buitelands). Sy is lief vir skryf en ook program- en materiaal-ontwikkeling. Haar passie is mense en die Woord van God. Sy het onlangs toenemend 'n groot liefde vir prediking ontwikkel en geniet elke oomblik daarvan.

FOTO'S DEUR **TERTIUS BOTHA**

























# Doen anders - want God se Koninkryk word ’n werklikheid.

## Matteus 13:31-33, 44-50

HUGENOOT

Ontwerp deur
**© 2024** | NG Kerk Vrystaat

*Foto: Vincent van Gogh. The Starry Night. Saint Rémy, June 1889T.*

# Die **Tweetoringkerk** in Bloemfontein

## 'n Baken van Hoop

*'Hier is daar geen Afrikaner of Sotho, man of vrou, huiseienaar of hawelose nie. Maar hier is Christus alles en in almal.'*

*Die Tweetoringkerk-leuse ('n Gewysigde Kol 3:11)*

**Diens van Barmhartigheid**
*Deur Mariëtte Odendaal*



***Foto:** NG Gemeente Bloemfontein, Tweetoringkerk (verskaf)*



***Foto:** "EMBRACING – Night outreach on street" (verskaf)*

Die NG Gemeente Bloemfontein, of beter bekend as die Tweetoringkerk, is een van die stad se mees ikoniese historiese kerkgeboue en het 'n ryk geskiedenis.

Die oorspronklike gemeente, wat om verskeie redes aan die doodloop was, het sedert die beginjare van dié eeu 'n aangrypende transformasie beleef sodat dit tans 'n totaal nuwe bediening as gemeente het.

Merkwaardig is veral die simbiotiese verhouding wat dié gemeente het met die onafhanklike Torings van Hoop NRO, wat nie aan die NG Kerk behoort nie.

Ons het meer oor die verloop van dié interessante geskiedenis gaan uitvind by ds De la Harpe le Roux, predikant van die Tweetoringkerk en leier van die NRO.

**De la Harpe, vertel ons meer oor die ontstaansgeskiedenis van jul gemeente.**

"Die gemeente is oorspronklik as deel van die groeiende NG Kerkgemeenskap in Bloemfontein op 30 November 1848 gestig en vier vanjaar hul 176ste bestaanjaar. Ds Andrew Murray Jnr, seun van ds Andrew Murray, die eerste moderator van die NG Kerk, was die eerste leraar vanaf 1849."

**Lees meer** »

**Islam Getuienisaksies**
*Deur dr Enrico Casaleggio*

# ISLAM

## Sit Konstantyn dalk agter die sogenaamde korrupte evangelie?

Met enigiets in die lewe is dit baie belangrik om presies te verstaan wat 'n persoon se probleem is voordat jy die probleem wat hy stel, behoorlik kan beantwoord. Ons het reeds gesien dat Moslems graag sê dat hulle nie die Bybel kan glo nie, aangesien die Bybel gekorrupteer is. Wat ons óók al agtergekom het, is dat Moslems nie 'n samehangende standpunt het ten opsigte van hulle bedoeling met hierdie beswaar nie. In gesprekke met Moslems kom mens agter dat dit 'n opmerking is wat hulle van moedersknie af ken, sonder enige verduideliking oor die betekenis daarvan.

Iemand wat wel 'n antwoord met ordelike samehang oor hierdie vraag gee (dog feitelik verkeerd), is die Moslem-teoloog en skrywer Ahmet Tomor[1]. Hy stel dit dat die "profeet Jesus" baie min volgelinge (*hawariyun*) gehad het en die godsdiens van Allah verkondig het. Hoewel "profeet Jesus" die Bybel uit sy kop geken het, het sy volgelinge dit nie goed geken nie. Hulle was nie geleerde mense nie en kon dit daarom ook nie memoriseer nie.

Toe hulle weens vervolging na verskeie plekke gevlug het, het hulle hierdie afgewaterde evangelie aan die mense op daardie plekke verkondig. Die inwoners van daardie plekke kon lees en skryf en het hierdie afgewaterde boodskap van "profeet Jesus" neergeskryf en hulle eie stories ook tussen Jesus se stories neergeskryf. Op hierdie manier is Jesus se evangelie nie net vervals en verwater nie, maar daar het boonop honderde weergawes daarvan ontstaan.

Hierdie situasie sou dan voortduur totdat Konstantyn die Grote aan bewind gekom het. Die Christene het van Konstantyn verwag om hierdie krisis op te los. Die probleem was egter, volgens Tomor, dat "profeet Jesus" die evangelie met hom saamgeneem het toe hy opgevaar het hemel toe.

Konstantyn het in 325 nC die priesters van die kerk in Nicea laat byeenkom – die enigste waarheid in hierdie hele argument.

**Lees meer »**

[1] Tomor, A. 2023. The Quran and the Bible. Erkam Publishing: Gloucester

*Hierdie reeks Islam-artikels het 'n eiesoortige aanslag. Dit kom uit 'n apologetiese hoek en die reeks sal uiteindelik uitkom by 'n antwoord op verskillende vrae wat Moslems vra, byvoorbeeld oor die Godheid van Jesus. Hier is nog 'n artikel wat handel oor die Moslems se beskuldiging dat die Bybel gekorrupteer is. In hierdie geval gaan dit oor die beskuldiging dat Konstantyn die Grote agter hierdie korrupsie sit.*

# Beukeskuil Sorgsentrum,

## *'n plek van hoop vir hawelose mans*

**Diens van Barmhartigheid**
*Deur Mariëtte Odendaal*

"Die inwoners van Beukeskuil Sorgsentrum het maar almal 'n verhaal van hoe hulle geen heenkome meer gehad het nie en op straat sou moes leef as hulle nie by die sentrum geakkommodeer sou kon word nie." So vertel Pieter van der Merwe, lidmaat van die NG Gemeente Riebeeckstad-Erfdeel, wat al jare lank by die sentrum betrokke is en ook voorsitter is van die gemeente se barmhartigheidsbediening.

"Vergeleke met straatbewoners is hulle heelwat beter daaraan toe. Hulle het behoorlike skuiling teen wind en weer; hulle het kos om te eet en daar is 'n kameraderie onder mekaar."

Ons het meer gaan uitvind.

**Pieter, die Beukeskuil Sorgsentrum gee vir jare lank al betekenis aan die lewens van soveel mense wat andersins op straat sou woon. Hoe het dié sentrum ontstaan?**

"Dit het 'n baie interessante geskiedenis. Kort na die Tweede Wêreldoorlog het 'n boer van die plaas Beukeskuil, 'n plaas tussen Hennenman en Kroonstad, besluit om blyplek op sy plaas te gee vir hawelose mense. In sy testament het hy bepaal dat die oorspronklike werf van die plaas nie eendag saam met die plaas verkoop mag word nie, maar dat die opstal en die werf 'n tuiste moet bly vir hawelose mense.

"Die plaas het intussen reeds minstens drie keer van eienaar verwissel, maar die oorspronklike bepaling word steeds gerespekteer.

Lees meer »



Foto verskaf

# Kerkgeskiedenis

## ’n Lewende verhaal vol lesse vir vandag

**Teologiese Opleiding**
*Deur Ethan Kleynhans*

Kerkgeskiedenis, die verhaal van die liggaam van Christus deur die eeue, vanaf daardie opwindende oomblik van Pinkster, bied steeds volhoubare insigte wat betekenisvol is vir getroue gelowiges. Dit is waardevol om na die verlede terug te kyk en te leer hoe die kerk verskeie uitdagings, soos dwaalleer, vervolging en krimpende gemeentes, gehanteer het. In ons hedendaagse wêreld, waar ons steeds soortgelyke uitdagings in die gesig staar, is hierdie lesse van onskatbare waarde.

**Die vroeë Christene het, ten spyte van intense vervolging, aan die Evangelie van ons Here Jesus Christus bly vashou.**

In oomblikke van teenspoed het hulle hul krag geput uit hul geloof. Een inspirerende voorbeeld is Polikarpus van Smirna, ’n vroeë kerkvader, wat selfs in die aangesig van die dood onwrikbaar aan Christus getrou gebly het. Hy het geweier om sy geloof te verloën, met sy moed versterk deur die gebede en ondersteuning van sy geloofsgemeenskap. Hierdie gemeenskapsband het getoon dat geloof, wanneer dit in liefde gedeel word, selfs die grootste vrees kan oorwin. Gelowiges vandag kan steeds hoop en volharding put uit hierdie voorbeelde van geloofsgedrewenheid.

Die Reformasie het 'n herontdekking van sekere Bybelse waarhede meegebring, soos die genade deur geloof alleen.

**Foto:** *Canva*



**Lees meer »**

# KI én KI

**Algemeen**
*Deur prof Laetus Lategan*

'n Internetspeurtog oor ***Kunsmatige Inseminasie*** (KI) bring 'n verrassende resultaat na vore: In die laat 1800's was dié tegniek reeds aan die ontwikkel. In kort het KI die moontlikheid om nuwe lewe te skep en kinderlose egpare die hoop op 'n gesin gee. Dus: *Lewe.*

Nou is daar nóg 'n KI in omloop: ***Kunsmatige Intelligensie***. Hierdie woord, wat gebruikstaal geword het (veral die Engelse ekwivalent "AI"), is jonger as ouboet (of is dit nou ousus?) KI. Dieselfde internetspeurtog verduidelik dat dié term in die middel 1950's in omloop geraak het. Hìérdie KI kan nou wel nie "lewe" skep nie, maar gaan 'n verstommende impak op ons alledaagse lewe hê. KI het nou die kitsmanier geword om vining 'n antwoord op 'n vraag te kry. Of om kennis te skep sonder dat 'n mens 'n vername bydrae daartoe gehad het. 'n Meer tegniese verduideliking is om te sê dat rekenaars die vermoë het om te dink en te leer. Dus, hulle kan antwoorde gee. Ons sou ook kan sê dat rekenaars kan terugpraat.




***Foto:*** *Canva*

Van robotte sou dieselfde gesê kan word. Die verwagting is dat met die beskikbare sagteware waarmee hulle toegerus is, hulle kan dink, leer, praat en doen! Hierdie vermoëns is nabootsing van wat mense kan doen. Hulle denke is beperk omdat mense meer as net logika gebruik vir besluite en uitvoering van handelinge. Maar soos in ontwikkelingstudies van mense gesê word: Hulle (die rekenaars en robotte) het die potensiaal om dit (eendag) te kan doen.

KI, dit is nou die nagebootste kennisbron en kennisskepper, word wydlopend bespreek.

**Lees meer »**



**Foto:** *2024 Kerssangdienstoneel deur Ina Nel (verskaf)*

NG GEMEENTE

# ROUXVILLE

## GENADEVOLLE EN GESEËNDE KERSSEISOEN

Die NG Gemeente Rouxville het op Sondag 17 November 2024 hul Kerssangdiens gehou. 'n Besonderse geleentheid om die komende Kersfees se seën en genade te vier.

Die diens is begelei met 'n wonderlike orrelspel deur dr Kritzinger wat diegene wat teenwoordig was, geïnspireer het. Die Burgersdorp se koor het ook met hul engelstemme bygedra tot die verdere beklemtoning van die atmosfeer van vreugde en vrede.





**Foto:** *2024 Kerssangdienstoneel, NG Gemeente Rouxville (verskaf)*

Namens die gemeente word daar 'n genadevolle en geseënde Kersseisoen aan elkeen toegewens, vol liefde, vreugde en die seëninge van die Here. Mag die komende feestyd 'n tyd wees van vrede in jou hart en voorspoed in jou huis.

**NG GEMEENTE ROUXVILLE**
051 161 0031



NAGRAADSE STUDIES

THEOLOGY AND RELIGION
TEOLOGIE EN RELIGIE

# Saam met studente, op heilige gronde

*Inspiring excellence. Transforming lives.*



**Dr Nina Müller van Velden**
*Departement Ou en Nuwe Testamentiese Studies, Fakulteit Teologie en Religie, UV*

VISION130 Renew and Reimagine for 2034 | University of the Free State / Universiteit van die Vrystaat / Yunivesithi ya Freistata | UFS Theology and Religion

Die akademiese jaar beweeg spoedig einde se kant toe. Die kampus raak al hoe stiller en die verkeer al hoe minder. Namate die laaste nasienwerk afgehandel word, raak die vooruitsig van rus toenemend 'n werklikheid. Te midde van beplanning vir 2025 is daar ook geleentheid om terug te kyk op 2024. Ek vra myself af: wat het ek geleer by studente hierdie jaar? Waar het ek God raakgesien in die lesinglokaal? Hoe het geloof en kopkennis mekaar ontmoet?

Die voordeel daarvan om vir meerdere jaargroepe te doseer, is dat die groei en ontwikkeling van studente jaar na jaar sigbaar raak. My hoogtepunt was sonder twyfel die ontmoetings met die finalejaar- (vierdejaar-) BDiv-groep. So in die pylvak van hul studiereis – ses maande tot die toeknoop van hierdie hoofstuk – raak die onderskeiding van roeping al meer prominent.

"Wat volgende?" "Watter tipe bediening?" "Voltyds of deeltyds?" "Wat vra die Here van my?" "Waar kan ek 'n verskil maak?" "Kan ek enigsins 'n verskil maak?"...

Binne die kontoere van akademiese gesprekke in lokaal HMS10 maak die studente hart oop en vra vrae. Met die woord-en-daad Jakobusbrief, die aansporing te midde van lyding in die Petrusbriewe, en die ontledigde Christusbeeld van die Fillippensebrief betree ons saam heilige grond. Ek het allermins al die antwoorde. Hulle is nuuskierig oor perspektiewe en raad. Ons kyk waar ons die konneksies kan maak tussen hart, kop en hand. Tussen studentelewe en die werklikhede tuis. Tussen die beskermde omgewing van kampus en die nood in die wêreld. Kry 'n blik op mekaar se diverse kerk-ervarings.

Hoor dat sommige meer ontvanklik is vir diegene met teologiese kwalifikasies, ander nie. Dat sommige in ruimtes gaan beweeg met 'n openheid vir mans én vroue om leiding in gemeentes te neem, maar ander nie. Bedink maniere om 'n bedieningsroeping uit te leef sonder 'n aanstelling of 'n beroep na 'n gemeente. Dalk 'n Bybelstudiegroep? Vrywillige betrokkenheid by 'n jeugaksie? Besoeke aan bejaardes of siekes? Oor en oor die herinnering: die Here gaan jou nie los nie. Getrou was die Skeppergod tot hier, en Sy getrouheid staan vas. Moenie isoleer nie – saam met medegelowiges hoor ons Sy stem, onderskei ons, vind ons leiding. Ek herhaal weer en weer: jy is geseën met unieke gawes. Die Here wil jou gebruik. Stel jou oop om verras te word deur die Gees. Maak erns met jou verhouding met die Here.

**Lees meer »**



# Kom ons maak vanjaar *eko-vriendelike Kersgeskenke*

***Deur** Mariëtte Odendaal*

In 'n wêreld waar ons al hoe meer bewus raak van die impak wat ons op die omgewing het, is daar geen beter tyd as Kersfees om volhoubaarheid deur middel van ons geskenke te ondersteun nie.

Eko-vriendelike Kersgeskenke bring nie net vreugde aan die ontvanger nie, maar dra ook by tot die beskerming van ons planeet.

Kyk gerus na **opwindende idees** daaroor hier:

- **Hangende kruie/plante**
- **Skotsbeskuitjies (Skotse brosbrood)**
- **Doen-dit-self lipbalsem**
- **Doen-dit-self verf**
- **Doen-dit-self plakboek**

Daar is natuurlik 'n mag der menigte ander voorbeelde ook op die internet.

Doen vanjaar gerus die moeite en probeer om jou geskenke so eko-vriendelik moontlik te maak.

Lees meer »

# Embrace the Future

## 12 trends on YOUNG ADULTS, THE CHURCH and SPIRITUALITY

ANRIËTTE DE RIDDER, FRANCOIS MARITZ AND STEPHAN NAUDÉ

### Was jy al by die kerk van die toekoms?

As ek tog maar net iewers kon hoor wat ander doen met hulle jongmense! Iewers waar ek raad kan kry en kan vra hoekom my eie planne nie altyd werk nie.

Kerk van die Toekoms (kerkvandietoekoms.co.za) is 'n netwerk van gemeentes wat innoveer en eksperimenteer om ruimtes te skep om saam met jong volwassenes God te ontmoet.


Hulle ondersteun 'n nuwe generasie verder weg van die gevestigde kerk om hulle geloof in Jesus uit te leef. Die netwerk deel stories, beste praktyke en prototipes om die vraag te antwoord – "Hoe kan ons verbeelding skep in die kerk oor maniere van kerkwees wat aansluit by waar die jong volwassenes leef?"

Op die webblad (kerkvandietoekoms.co.za) kry jy artikels oor sake soos:

- Wie is die millenials?
- Hoe kan ons millenials beter verstaan?
- Tendense by jong volwassenes en geloof.

**'n Kopie van hulle boek is in die mediateek beskikbaar.**

*Deur dr Leon M Foot,*
*uitvoerende amptenaar van Bedieningsbegeleiding*




### MEDIATEEK INVENTARIS »

Loer gerus na die volledige inventaris van die NG Kerk Vrystaat Mediateek, Sinodale Kantoor

Navrae | **Anelia van den Blink**
**(051) 406 6700** of **kuratorium@ngkvs.co.za**

# VERJAARSDAE



VEELS *geluk*

NG Kerk Vrystaat

## NOVEMBER

**22** Ds Michael Rautenbach — UNIVERSITAS-WES

**22** Mnr Isaac Thutsa — BOUDEPARTEMENT

## DESEMBER

**01** Ds Hendrik Conradie — VIRGINIA-WES

**01** Ds Francois Lamprecht — PELLISSIER

**01** Ds Dirk du Preez — DENEYSVILLE

**02** Dr Enrico Casaleggio — FICHARDPARK

**02** Ds Attie Steyn — PELLISSIER

**03** Ds Werner Klindt — LADYBRAND-NOORD

**05** Mev Nicolene Gouws — SINODALE KANTOOR

**WENSE VAN VOORSPOED, GOD SE SEËNINGE EN GENADE VIR DIE NUWE LEWENSJAAR**

# AKTUEEL EN ALGEMEEN


Product Preview

mission ミッション missie
JAPAN

## Vrywilligerswerk in die Noto-aardbewinggebied

Dr Stéphan van der Watt en 'n KRTS-kollega, prof Keisuke Yoshioka, lei 11 KRTS-studente om in samewerking met hul plaaslike pastoor ds Hideyuki Urushizaki by **RCJ KANAZAWA** te werk, asook met die interkerklike ramphulp-organisasie **NOTO HELP**. Dankbaar om saam met NotoHelp- en RCJ Kanazawa-vrywilligers in Wajima- en Nanao-stad te werk. Om te kan deelneem aan klein, volhoubare stappe op die lang pad na herstel. In solidariteit met oorlewendes van die dubbele trauma van die aardbewing (Januarie) en erge oorstromings (September) in die Noto-skiereiland. Dankie dat u ons almal in u gebede hou.

***Foto's verskaf deur*** *dr Stéphan van der Watt*







*Oorgeneem uit* ***VrydagNuus, Kaapkerk***

# Dra swart vir 16 Dae van Aktivisme teen Geweld teen Vroue en Kinders

16 Dae van Aktivisme vir geen Geweld teen Vroue en Kinders is 'n wêreldwye inisiatief om standpunt in te neem teen geweld teen vroue en kinders. Dit vind elke jaar plaas vanaf 25 November tot 10 Desember.

In hierdie tyd bid ons vir mense wat slagoffers is van geweld en maak ons die wêreld bewus daarvan dat baie mense (veral vroue en kinders) mishandel word of fisiese of emosionele geweld beleef. Ons maak ook mense bewus daarvan dat hulle hulp kan soek; ons neem hande om aktief op te staan teen enige vorm van geweld.

Neem deel aan hierdie jaar se veldtog saam met die Taakspan Gendergeregtigheid, Badisa, CABSA en CLF en sê saam: "Genoeg is genoeg!"

"Ons doen 'n oproep tot aksie op elke persoon, gemeente, skool, instansie en gemeenskap met die veldtog: **Step in, Step up, Step out!"**




**MEER INLIGTING**




Kersfees
BYBELUITVERKOPING
TOT 50% AFSLAG
DIE BYBEL
ISBN: 9780798222839
WAS R1205
R723
ISBN: 9780798224215
WAS R569
R284
ISBN: 9780798224192
WAS R549
R274
Klik hier »


PADDANAG IN BLOEM
Die hele gesin is welkom
Interessante inligting oor paddas. Vang, identifiseer en vrylaat van paddas.
Plek: Blue Rain Gastehuis, Woodland Hills Boulevard
Datum: Saterdag 30 November 2024
Tyd: 17h00 tot laat
Koste: R100 per persoon
Bring jou eie piekniekmandjie en kos.
Jy mag kontant bring vir 'n aandenking.
Nie verpligtend!
Ons verwelkom veral kinders. Die praatjie is inleidend en verstaanbaar vir laerskoolkinders.
Noodsaaklik vir paddavang:
Wellingtons of Waterskoene - (NIE plakkies nie)
Koplampie
Muskietweerder en Muskietwerende klere
Wees Reg Vir Groot Pret!
Program:
17:00 - 18:30 Arriveer, kuier en ete
18:30 - 19:30 Praatjie en inligting deur: Jade Hastings
19:30 - Laat Paddavang by die dam
Kontak vir bespreking: Elrika - 082 940 5783
elrikasenekal@telkomsa.net
Paddagog
Klik hier »


Moving Mountains Publishers
Bied aan:
BOEK BEKENDSTELLING
DIE PALEIS VAN TANNIE MIDDLE C
Identifikasie: Opvoedkundige sprokies verhaal
Die musiekboek met 'n verskil, wat spesifiek vir kinders vanaf die ouderdom 4 tot 10 jaar geskryf is.
Die musiekboek wat terselfdertyd 'n sprokiesverhaal is, sowel as 'n "leer" boek.
6 Desember 2024
Tyd: 18:00
Ligte verversings
Toegang: Gratis
Plek:
Bybelhuis
22 Nelson Mandela
Bring n geldjie saam vir boek verkope!!
bybelgenootskap van suid-afrika
Klik hier »



MPER UITVERKOC
DIS JOU LAASTE KA
ART DE OLIVI
DAGBOEKE
A5 DAGBOE
R250 per dagb
A4 DAGBOE
R365 per dagb
Engo
TEL: 060 548 5543 | EPOS: INFO@ENGO.CO.ZA
Klik hier »


ROJECT OF
OPE 2024
LAST CHANC
he chance to win a
AULT KWID LIFE
alue of R196 999
KWID
Engo
EVOLVE
CENTR
WWW.ENGO.CO.ZA | 060 548 5543
Klik hier »



HAT IS ADOPTION
Klik hier »


IN DIE AANLOOP NA DIE KERSTYD DINK ONS AAN DIE ONGEVEER 500 BEHOEFTIGE KINDERS WAT AFHANKLIK IS VAN KRUIDENIERSPAKKIES VIR DIE VAKANSIE OM GENOEG VOEDSEL TE VERSEKER AANGESIEN HULLE NIE BY DIE SKOLE ETES KAN GENIET GEDURENDE DIE VAKANSIE NIE
Projek Volmagie
Ons benodig skenkings van nie-bederfbare voedsel (lys is beskikbaar) asook kontantdonasies daarvoor.
Sperdatum: 10 November 2024
TRANSORANJE INSTITUUT
ABSA TJEKREKENING 020 840 145 TAKKODE 632005
Verwysing: Naam & Volmagie of CFP
TRANSORANJE INSTITUUT VIR BUITENGEWONE ONDERWYS
Duxburyweg 174, Hillcrest, Pretoria
Tel: 076 143 6961 E-pos: info@toibo.org.za
Klik hier »


10% O
EVERYTHING
THURSD
IN BLAC
NE DAY ONLY AT ALL CLF BO
& ONLINE STORE
28 NO
Klik hier »


50% OFF
selected
ACADEMIC AND THEOLOGY BOOKS
In time for the new 2025 Academic year
Offer valid until 31 March 2025 while stocks last
Klik hier »

# OPLEIDINGSGELEENTHEDE



## PASTORALE SORG EN KRISIS INTERVENSIE

Jaarkursus

55 VBO-punte

Aanlyn kursus
Prof Wentzel Coetzer

Lees meer +
**Registreer** +



## KURSUSSE WAT VIR JOU 'N NUWE DEUR OPEN

Jaarkursusse

55 VBO-punte

Via afstandonderrig
Prof Wentzel Coetzer

Lees meer +
**Registreer** +



## JAARKURSUS KINDERS EN JONGMENSE

Pastorale Sorg

55 VBO-punte

Aanlyn kursus
Prof Wentzel Coetzer

Lees meer +
**Registreer** +



## ALFA PASTORALE OPLEIDING

2025

120 VBO-punte

Slegs 30 studente word per jaar gekeur

Lees meer +
**Registreer** +

# NUUSBRIEWE EN PUBLIKASIES

NUUSBRIEWE | PUBLIKASIES | BROKKIES UIT KERKBODE



Loer hier na ander sinodalestreke se nuus




## Publikasie

*Woord en Fees*
*2024 - 2025*

*Oorgeneem uit bybelmedia.org.za*




## Publikasie

*Leesrooster vir Lidmate*
*2024 - 2025*

*Oorgeneem uit bybelmedia.org.za*




## Publikasie

*Jaarboek 2025*

*Oorgeneem uit bybelmedia.org.za*

## BROKKIES UIT kerkbode

**Die NG Kerk en haar identiteit: Twee eeue se saam reis op moeilike, ongeteerde paaie**
*Kerkbode / 21 November 2024 / Artikels, Gewild*

**Kerk wat werk-reeks : 'Ons kan saam meer bereik' | Maitland Gemeenskapskerk (NG en VG Kerk)**
*Kerkbode / 14 November 2024 / Artikels*
*Heléne Meissenheimer*

**Kortliks: Chris van Wyk tree uit pos, R107 000 gesteel ná oesfees in Vrystaat, Dreyer lei nuwe interkerk-werkgemeenskap**
*Kerkbode / 14 November 2024 / Nuus*
*Le Roux Schoeman*

**Uit my kerkdagboek: Die teerste reis is die een na mekaar toe ...**
*Kerkbode / 13 November 2024 / Gewild, Rubrieke*
*Jan Lubbe*

**Webdokkie | Elke tree 'n storie: Kerkbode word 175 jaar oud**
*Kerkbode / 8 November 2024 / Video*
*Le Roux Schoeman*

# WAT'S NUUS?

KALENDER | VAKATURES | AFLOSLERAARS | PREDIKANTENUUS

NUUT

**GEMEENTE**GEBEURE

**Kalender** | Belangrike datums

2024

**ADVERTEER AANLYN** HIER
of stuur 'n e-pos aan skakel@ngkvs.co.za

NUUT

kerkbode
**Kalender** | Interaktiewe Dagboek

NUUT

VAKATURES

NG Kerk Vrystaat

skakel@ngkvs.co.za | **051 406 6700**

VAKATURES

kerkbode

woes@mweb.co.za | **023 342 6030**

AFLOS

NG Kerk

skakel@ngkvs.co.za | **051 406 6700**

# Predikantenuus | VRYSTAAT

**Prof Kobus Schoeman**, gekoppelde leraar van NG Gemeente Hugenoot en professor in Praktiese en Missionale Teologie (Fakulteit: Teologie en Religie, UV), het op 19 November 2024 tydens die Legitimasieplegtigheid sy emeritaat en demissie van die Kuratorium van die NG Kerk Vrystaat ontvang. Ds Jan Lubbe, voorsitter van die Kuratorium, het namens die Kuratorium van die NG Kerk Vrystaat die akte van emeritaat oorhandig.

# Laat **U koninkryk** kom

***Deur prof Kobus Schoeman,***
*Praktiese en Missionale Teologie, Fakulteit: Teologie en Religie, UV*



***Foto:*** *Prof Kobus Schoeman (verskaf)*

*33 "Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid …"*

**Matteus 6:33 AFR20**

As gelowiges bid ons die gebed "laat U koninkryk kom …" gereeld as deel van die Ons Vader-gebed of as deel van ons eie gebede.

Ons, as landsburgers, lewe in 'n republiek met 'n president en 'n grondwet. Wat bedoel ons as ons bid "laat U koninkryk kom" as ons nie 'n monargie ken nie? In Jesus se tyd was die versugting sterk dat die koninkryk van Israel weer moet herleef.

*As gelowiges bid ons die gebed "laat U koninkryk kom …" gereeld as deel van die Ons Vader-gebed of as deel van ons eie gebede.*

Die dissipels vra net voor sy Hemelvaart vir Jesus of die koninkryk van Israel nou 'n werklikheid gaan word (Handelinge 1:6). Jesus se antwoord is duidelik dat dit oor veel meer as Israel se koninkryk gaan.

Jesus begin sy openbare bediening met die aankondiging dat die koninkryk van hemel naby gekom het (Matteus 4:17). Hy vertel verskeie gelykenisse en voer gesprekke om te verduidelik wat God se koninkryk beteken. Die koninkryk is soos 'n mosterdsaad, suurdeeg, 'n skat of pêrel van groot waarde, om enkele voorbeelde uit Matteus 13 te noem. Jesus maak deur Sy lewe en opstanding hierdie koninkryk 'n werklikheid.

Ons raak so maklik in ons eie klein wêreld vasgedraai. My eie belange en behoeftes staan voorop. Gemeentes fokus baie keer net om aan die lewe te bly. Die finansies moet balanseer of ons moet net sorg dat die eredienste aan die gang bly. Dit is nie nou die tyd om verder as ons "eie" grense te kyk nie. Is dit 'n perspektief of God se koninkryk?

As ons individueel of gesamentlik as gemeentes oor ons roeping nadink, moet dit wyer strek as net ons eie behoeftes. Die koninkryk van God roep ons op om buite ons eie gemaksone te beweeg.

**Lees meer »**



# KONTAK ONS

REDAKSIE

**SAMESTELLERS**

Celicia McLean (Redakteur), **cmclean@ngkvs.co.za**
Carlie Niehaus, **carlie@ngkvs.co.za**

**LUISTER-ARTIKELS**

Mariëtte Odendaal, Mediadiensverskaffer
Revoicer (TTS)

**PROEFLESERS**

Lisma Liebenberg
Cecilia Steynberg
Magdaleen du Toit

# NUUSGEBEURE INLIGTING BYDRAES

**voor 12:00 Dinsdae**
na cmclean@ngkvs.co.za

NG Kerk Vrystaat

Teken in op **VRYPOS**
Kanselleer **VRYPOS**

**NG KERK VRYSTAAT**
Departement Kommunikasie en Bemarking
**051 406 6700 (k)** | **072 151 9799 (s)**
**skakel@ngkvs.co.za**

ngkerkvrystaat.co.za

Van Heerdenweg 20, Wilgehof, Bfn 9301
Posbus 11412, Universitas 9321

© 2024 NG Kerk Vrystaat | **VRYWARING**



**NG KERK VRYSTAAT** | **© 2024**

Departement
KOMMUNIKASIE EN BEMARKING